Woensdag **5 Junie**
**Skrifgedeelte: Rigters 6:24-40 (AFR33/53)**
**Fokusgedeelte: Rigters 6:34**

**Die Heilige Gees rus ons toe in die donkerste situasies**

Gideon se geloof was deur die loop van sy lewe soms op ’n hoogtepunt en ander kere op ’n laagtepunt. Die genade is dat die Here elke keer met hom bemoeienis maak. Die Here soek ons op in ons laagtepunte en laat ons jubel op ons hoogtepunte. Die Here bring vir Gideon hier in die hoofstuk tot die punt dat hy kan uitroep: “Die HERE is vrede …” (Rigt. 6:24).

Dit het vir Gideon, deur die wil van die Here gedryf, gebring by die punt om die afgode te vernietig wat by sy pa se huis was (Rigt. 6:25-28). Hy het dit gedoen in gehoorsaamheid aan die HERE.

En tog, toe Gideon by sy groot opdrag kom, toe die Midianiete en die Amalekiete optrek teen die volk, twyfel hy weer (Rigt. 6:36-40). Die Here bly steeds geduldig met hom. Hy maak vir Gideon vol met sy Heilige Gees, sodat hy vaardig word en ander kan oproep vir die stryd (Rigt. 6:34). Die Here wys hier vir Gideon en ook vir ons wat sy hulp en toerusting aan ons doen en aan die ander rondom ons:

- Wie volg eerste op toe hy die ramshoring blaas? Sy eie familie (Rigt. 6:34). Daarna volg sy eie stam, en dan volksgenote. Die werk van die Heilige Gees kring uit!

Daar kom oomblikke in ons lewe wat donker en onseker is. Oomblikke waar ons in onsself onseker is. Die belofte en realiteit bly staan dat die Heilige Gees ons nie verlaat nie. Ons is met Hom vervul. Ons Hoëpriester, ons Here Jesus Christus het ook met al ons swakhede medelye. Hy bly geduldig met ons werk deur sy Heilige Gees. Die Heilige Gees vul ons met krag, liefde en selfbeheersing. Ons is toegerus in die donkerste situasies. Meer nog: die Trooster woon in ons!

*Sing: Psalm 71-1:1, 13*

*Ds. MH (Marco) le Roux (Reitz/Lindley)*